

Gebeure in SA kan op Weste boemerang

20/7/82
Rapport

REGERINGSLEIERS in Westerse lande - die VSA in die besonder - wat druk op Suid-Afrika uitoefen om vinnige politieke en maatskaplike veranderings uit te voer, besef nie die implikasies wat 'n revolusionêre vorm van verandering in dié land vir die hele Westerse struktuur kan inhou nie. Die rede hiervoor is dat dié regeringsleiers nie die merkwaardige ooreenkomste tussen Suid-Afrika se huishoudelike probleme aan die een kant en die verhoudingsprobleme tussen die Westerse of sg. Eerste Wêreld en die onderontwikkelde of sg. Derde Wêreld aan die ander kant insien nie.

Dié mening is uitgespreek deur prof. dr. Sampie Terreblanche van die Universiteit van Stellenbosch in 'n boek, *Die Wording van die Westerse Ekonomie*, wat binne die volgende paar dae in boekwinkels beskikbaar sal wees.

Prof. Terreblanche verwys daarin na wat hy noem merkwaardige ooreenkomste tussen Suid-Afrika se probleem om die belange en behoeftes te versoen van die land se ontwikkelde sektor (wat hy die Eerste Wêreld-sektor noem) en die land se onontwikkelde sektor (wat hy die Derde Wêreld-sektor noem) en die

Eerste Wêreld-lande se probleme om hul belange op vreedsame wyse met dié van Derde Wêreld-lande te versoen. Om dié rede praat hy van Suid-Afrika as die mikrokosmos en van die internasionale probleem as die makrokosmos.

Met verwysing na die druk wat die buiteland op Suid-Afrika uitoefen om vinnige veranderings aan te bring, skryf hy: „'n Feit wat dikwels oor die hoof gesien word, is dat die toekomstige verloop van sake in Suid-Afrika, veral t.o.v. die verhouding tussen die Eerste en Derde Wêreld-sektore van die SA mikrokosmos, verreikende implikasies vir die verloop van die ooreenstemmende verhouding in die makrokosmos kan hê, en waarskynlik ook gaan hê.

„Vanweë die merkwaardige ooreenkomste wat tussen die strukturele aspekte van die makro- en mikrokosmos bestaan, het Suid-Afrika 'n soort fokus-punt geword van die strukturele tendensies en probleme waarmee die groter wêreld in toenemende mate te kampe gaan hê in die eersvolgende dekades of twee.”

Om dié rede verleen die mikrokosmos gestalte aan die probleme van die wêreld van die toekoms. Daarby lig die SA situasie die dringendheid van die probleme uit sodat dit maklik gesien en geïnterpreteer kan word.

Die Eerste Wêreld en die Eerste Wêreld-sektor in Suid-Afrika is albei hoofsaaklik blank, ryk en ontwikkel. Daarteenoor is die Derde Wêreld en die Derde Wêreld-sektor in SA hoofsaaklik nie-blank, arm en onderontwikkel. Daarin speel kleur ook 'n rol.

Kleur is, veral in globale perspektief, egter nie meer van soveel belang nie, maar dit het tog die



PROF. DR. SAMPIE TERREBLANCHE van die Universiteit van Stellenbosch (hierbo), skrywer van 'n boek, *Die Wording van die Westerse Ekonomie*, 'n strukturele analise met 'n toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie. In sy boek behandel prof. Terreblanche die moontlikheid van die skepping van twee nuwe wêreldordes: 'n nuwe internasionale ekonomiese wêreldorde en gepaard daarmee 'n nuwe politieke wêreldorde. In die opsomming wat **RAPPORT** vandag publiseer, word klem gelê op die ooreenkomste tussen die probleme wat Suid-Afrika ondervind om 'n nuwe orde te skep wat al sy inwoners sal bevredig, en die orde wat tussen die Westerse en die Derde Wêreld geskep sal moet word om konflik en afdreiging te voorkom. Omdat baie ooreenkomste so merkwaardig is, verwys prof. Terreblanche na die wêreldorde as die makrokosmos, waarvan die Suid-Afrikaanse situasie die mikrokosmos is.

● Die boek word uitgegee deur Human en Rousseau-Academia, Pretoria en Kaapstad.

potensiaal om in 'n konfliktsituasie 'n emosionele eskalاسie van dié konflik te veroorsaak.

Groter verskille lê egter opgesluit in bestaande politieke en ekonomiese instellings, verskille in ekonomiese en industriële ontwikkelingspeile, in kulturele en opvoedkundige patrone en in beskawingspeile. Ook verskille in betekenisse wat aan menswaardigheid, vryheid en maatskaplike welsyn gegee word, is belangriker as blote kleurverskille.

Daarom is dit jammer dat Suid-Afrika se politieke opset langs kleur- en rassegrense ontwikkel het. Die „apartheidstelsel” het dus ontstaan om ontwikkelings- en bewakingspatrone van blankes te beskerm, maar dit het so geïnstitusioneel geraak dat dit eerder 'n verskansing van blanke bevoorregting geword het.

Indien Suid-Afrika 'n werkbare formule kan vind wat met die kleurfaktor kan wegdoen, sonder dat ontwikkelde en beskaafde standaarde ingeboet word, kan dit implikasies hê vir 'n evolusionêre oorgang na 'n nuwe wêreldorde in die makrokosmos.

Prof. Terreblanche laat blyk dat 'n nuwe internasionale ekonomiese orde en 'n nuwe politieke wêreldorde binne afsienbare tyd sal ontstaan, omdat selfsug en eiebelang binne die konsep van nasie en staat plek sal moet maak vir wat hy noem 'n internasionale struktuur waardeur die ergste vorm van armoede en hongersnood en die ernstige skending van menseregte in die Derde Wêreld bevredigend opgelos kan word.

Een van die groot verskille tussen Suid-Afrika en die groter wêreld is egter dat die probleme binne SA as mikrokosmos dringender opgelos moet word, en dat dit langs evolusionêre weg moet geskied.

In Suid-Afrika speel die kleurfaktor nog 'n te oorheersende rol, hoewel tussen drie- en viermiljoen gekleurdes reeds die ontwikkelings- en beskawingspeil van die Eerste Wêreld bereik het. Indien Suid-Afrika sy vorm van beperkte demokrasie geleidelik kon verruim het om alle mense in te sluit wat aan standarde van die Eerste Wêreld voldoen, sou hy waarskynlik groter stabiliteit en erkenning geniet het. Sô 'n vorm van stemreg het egter, veral in dié tydsbestek, talle probleme.

Prof. Terreblanche meen dat 'n vorm van beperkte demokrasie ingevoer moet word wat stemreg aan gekleurdes buite die nasionale state sal verleen, maar dat verteenwoordiging beperk word tot elke groep se peil van maatskaplike ontwikkeling en hul relatiewe bydrae tot die volksproduk.

„Indien Suid-Afrika 'n werkbare formule kan vind wat weliswaar nog op verpligte lidmaatskap van die vier hoofgroepe gebaseer sal wees, maar sal wegdoen met die kleurfaktor, kan dit implikasies hê vir 'n evolusionêre oorgang na 'n nuwe wêreldorde in die makrokosmos.”

So 'n formule sal egter net in die mikro- en die makrokosmos waarde hê as dit 'n model kan wees vir evolusionêre verandering ter wille van politieke stabiliteit. Maar dan moet dit in albei gevalle rekening hou met die verskille in beskawings-, kulturele en ontwikkelingspeile - en nog voldoen aan die eis van Derde Wêreld-mense om groter regverdigheid en geregtigheid.

Indien Suid-Afrika egter in gebreke bly om 'n formule vir evolusionêre verandering te vind - hy glo slegs die Nasionale Party beskik oor die struktuur en die vermoë om daarin te slaag - sal spannings uiteindelik tot verby die breekpunt opklaar. In sulke omstandighede kan dit 'n revolusie afgee, wat hoofsaaklik 'n kleur- of rasse-konflik sal wees.

Sô 'n konflik het die potensiaal om onbeperk te eskaleer en om die sluimerende rassenspanning tussen die hoofsaaklik blanke Eerste Wêreld en die hoofsaaklik gekleurde Derde Wêreld tot verby breekpunt te dryf. Dit kan op 'n wêreldwye rasse-oorlog met verreikende implikasies uitloop.

Nog 'n verskil tussen die mikro- en makrokosmos is dat die makrokosmos losser en groter van struktuur is. Dit bied aan leiers in die Eerste Wêreld die kans om veel losser universele uitsprake te maak en hulle ten gunste van „globale akkommodasie” te verklaar. Tog besef hulle nie wat die implikasies is as almal so geakkommodeer moet word nie.

Een van die beste voorbeelde hiervan is die voorrang wat die Carter-administrasie in die VSA aan politieke menseregte gegee het, maar eise uit die Derde Wêreld sal toenemend om maatskaplike en ekonomiese menseregte gaan. Dit kan uiteindelik teen die VSA en ander lande van die Eerste Wêreld boemerang.

Een gevolg van dié breedsprakige kampanjes oor menseregte is dat regerings en woordvoerders geneig is om „eise aan Suid-Afrika te stel waaraan hulle self nie kan voldoen nie en ook nie bereid sal wees om te voldoen nie”. Dié mense sien, weens die losser struktuur van die makrokosmos, nie die probleem in dat dieselfde eise om 'n beter bedeling vir Derde Wêreld-mense binne Suid-Afrika ook reeds vir Derde Wêreld-mense in die algemeen van die Eerste Wêreld gevra word nie.

Daarom moet regering en woordvoerders van Eerste Wêreldlande besef dat hul uitsprake implikasies het wat hul bedoelings en geloofwaardigheid onder verdenking kan plaas.

Hoe dit ook al sy, die moontlike gevolge wat enige oplossing in Suid-Afrika vir die makrokosmos kan inhou, onthef nie Suid-Afkaners van die verpligting om by oplossings uit te kom nie.

Wat die witmense betref, sal die „English Establishment” en die „Afrikaanse Establishment” drastiese aanpassings in hul denke, waardebepalings en benadering tot die probleme moet maak. Dit moet as 'n voorvereiste vir die voorkoming van 'n revolusie in die land beskou word.

In hierdie opsig sal alle Kerke, veral die Afrikaanse Kerke, moet meewerk om die Christelike boodskap van menswaardigheid en offervaardigheid voor te hou. Daarby moet die onverdedigbaarheid van 'n beleid van starre diskriminasie uitgespel word, ten einde 'n nuwe gesindheid op die vlak van individue moontlik te maak.

Sodoende sal die blankes 'n verandering kan ondergaan wat dit vir hulle moontlik sal maak om 'n nuwe denkstruktuur te bou wat as vorm vir regverdigheid teenoor almal kan dien.

Die alternatief is revolusie

Die nuwe politiek deur POLLUX